
2

KEN JY HIERDIE

GOOD

Inleiding

Welkom by ons 40-dae verkenningstyd! In hierdie 40 dae gaan jy voorgestel word aan 'n God wat ons so graag wil hê elke mens moet ken. Selfs die van julle wat Hom reeds ken, sal in hierdie tyd nuwe ontdekkings maak. Ons noem hierdie verkenningstyd: *Ken jy hierdie God?* Reis gerus saam met ons.

Vandag is daar soveel verkeerde idees oor God; van die idees kom vanuit ons kinderdae, kerkbelewenis of persoonlike belewenisse. Hierdie 40-dae het ten doel om hierdie verkeerde idees wat jy oor God mag hê, uit te daag en nog meer; jou aan 'n God bekend te stel wat jou ongelooflik lief het. In die reis sal jy leer dat hierdie God jou AANVAAR, jou VERANDER, met jou wil PRAAT, al sy BELOFTES hou, vir jou 'n TOEVLUG is en ook vir my en jou STUUR met Sy boodskap van liefde.

Om maksimum uit die 40-dae te put is daar drie belangrike komponente waaraan jy jouself moet toewy:

- (1) Woon die ses Sondae by,
- (2) Doen die 6 weke se dagstukkies en
- (3) skakel in by 'n groep wat saam 'n DVD gaan kyk en dit dan gaan bespreek.

Hoe om die boekie te gebruik

As jy Sondag die diens bywoon, gebruik die gedeelte vir die preeknotas om neer te skryf wat jou raak. Memoriseer ook die week se memoriseervers. Doen dan in die week wat volg die vyf dagstukkies op jou eie tyd en woon die DVD-bespreking by. Notas en vrae vir hierdie bespreking is ook in die dagstukkiesboekie.

Ken jy hierdie God is gesamentlik ontwikkel deur vier gemeentes. Hulle is AGS Bellville, Dei Gratia Gemeente, Impetus Gemeente en Waterkloof AGS.

Geniet dit!

Die “Ken jy hierdie God?” span.

HY STUUR JOU



Maar Petrus sê:
Silwer en goud het ek nie;
maar wat ek het,
dit gee ek vir jou:

In die naam van
Jesus Christus,
die Nasarener,
staan op en loop!

Handelinge 3:16 [ADV]

Then Peter said:
Silver and gold I do not have,
but what I do have
I give to you:
In the name of
Jesus Christ
of Nazareth,
rise up and walk.

Acts 3:16 [MKJV]

Dag 1: *Wie stuur jou?*

En God sê vir Moses: 'EK IS WAT EK IS.' Ook sê Hy: 'So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur.' Eksodus 3:13 [AOV]

Hierdie is die gedeelte waar God vir Moses roep om Sy volk uit Egipte te lei. Moses weet dat as hy by die volk Israel gaan kom om God se boodskap oor te dra, hulle vol vrae sal wees. Een van die vrae gaan wees – wie is die God wat jou gestuur het?

In daardie tyd was daar honderde gode gewees onder die Egiptenare, so dit was 'n relevante vraag wat Moses gevra het. Die Israeliete gaan wil weet watter een van al hierdie afgode om hulle het hom gestuur?

God antwoord: "Ek Is". Met ander woorde: Ek het nie 'n begin of einde nie, Ek was altyd en sal altyd wees. Ek is die God van alle gode, die Koning van alle konings, die Een wat was en is en weer sal kom!

Dit is hierdie God waarvan ons lees in Joh.1 wat vlees geword het in Jesus Christus.

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid. Johannes 1:1,14 [AOV]

Dit is hierdie groot "Ek Is" wat ons stuur na die mense om ons met die Goeie Nuus dat daar Redding, Verlossing en Genesing is as gevolg van Sy Seun Jesus Christus!

Refleksie: Dink aan 'n paar geleenthede en mense met wie jy vandag Christus kan deel:

Gebed: *Vader, help ons om opnuut te beseef dat dit nie 'n kerk of mense is wat ons stuur nie, maar dat U die Een is wat elkeen van ons roep en stuur om te gaan en almal te vertel van Christus!*

Dag 2: Hoekom stuur Hy jou?

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. Matteus 28:19,20 [AOV]

Soveel Christene dink dat hulle net gered is om hemel toe te gaan. Nadat hulle kind van God geword het, kan hulle maar ontspan en net fokus op hulle eie verhouding met God. Lees jou Bybel, bid en gaan kerk toe – dis al.

Dis natuurlik glad nie waar nie. God se liefde vir mense eindig nie by jou en my nie! Hy wil nie hê dat enigiemand verlore gaan nie!

*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.
Johannes 3:16 [AOV]*

As ons vandag se skrif lees, sien ons dat ons redding net die begin is, die eerste tree is 'n pad saam met God. Hier is 'n baie groot opdrag vir elke kind van God.

Ons moet eerstens self dissipels (volgelingen) van Christus wees wat dan volgelingen van ander mense moet maak – *van al die nasies* – nie net hulle wat lyk en klink soos ons nie! Hierdie volgelingen moet dan geestelik groei om hulle te wil laat doop as bewys van wat God binne in hulle gees gedoen het toe hulle kind van God geword het.

Dis ook nie waar hulle groeiproses ophou nie – dis net die begin van 'n pad na geestelike volwassenheid om op hulle beurt weer volgelingen van Christus te maak. Hierdie opdrag is groot en oorweldigend maar gelukkig is ons nie alleen nie. Met hierdie groot opdrag kom daar die belofte dat God met ons is!

Gebed: *Vader, gee my weer die passie om uit te gaan en dissipels te maak!*

Dag 3: Sal jy gaan?

Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: 'Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan?' Toe antwoord ek: 'Hier is ek, stuur my.' Jesaja 6:8 [AOV]

Die Heilige God wat "hoog en verhewe" op Sy troon sit (v1) is die Een wat vandag vir my en jou ook hierdie vraag vra – "Wie sal Ek stuur?".

Soveel Christene dink dat dit iemand anders se verantwoordelikheid is om mense van Christus te vertel. Dit is sendelinge en pastore se werk (hulle word mos betaal hiervoor)! Maar dis glad nie waar nie!

Die oomblik wat jy Jesus Christus aanneem as jou persoonlike Saligmaker en Verlosser en kind van God word, word jy geroep om te gaan en van Christus te vertel!

Daar is mense by jou skool, universiteit, werksplek en in jou buurt wat dalk nooit in 'n kerk gaan kom nie en waar pastore nie by gaan uitkom nie. Wie moet God gebruik om Christus by hulle uit te kry? Wie kan Hy stuur?

Hy sal niemand ooit forseer nie, elkeen van ons moet hierdie verantwoordelikheid besef en vir God sê: "Hier is ek, stuur my!"

Jy mag dalk dink dat jy nie weet wat om vir mense te sê nie. Soms hoef jy niks te sê nie, wys net die gesindheid van Christus vir hulle. Wanneer jy vertel van hoe goed God vir jou is, hoe Hy jou bewaar of vir jou voorsien is dit dalk net wat iemand nodig het om 'n besluit te maak vir Christus!

Refleksie: Dink aan 'n paar geleenthede en mense met wie jy vandag Christus kan deel:

Gebed: *Vader, ek kom vandag na U toe en ek kies om te sê: "Hier is ek Here, stuur my!"*

Week 6: Hy stuur jou.

Dag 4: In wie se Naam stuur Hy jou?

*Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.
Filippense 2: 9-11 [AOV]*

God stuur my en jou in die Naam van Jesus Christus! Ek dink dat ons soms vergeet wie Jesus Christus is.

Daar is meer as 200 name en titels van Christus in die Bybel. Hier is 'n paar:

Seun van God (Luk.1:35), Seun van die mens (Joh.5:27), die Eersgeborene van die hele skepping (Kol.1:15), Hoof van Sy Kerk (Ef.1:22), Heilige Een (Hand.3:14), Ons Leidsman (Hand.3:15), die Koning van die konings en Here van die here (1 Tim.6:15), Lig van die wêreld (Joh.8:12), Prins van Vrede (Jes.9:6), Woord (Joh.1:1), Alpha en Omega (Open.1:8), Emmanuel, God met ons (Matt.1:23), Brood van die lewe (Joh.6:35), Verlosser (Rom.11:26), Goeie Herder (Joh.10:11,14), Ons Hoëpriester (Heb.2:17), Lam van God (Joh.1:29), Middelaar tussen God en mens (1 Tim.2:5), Ons Rots (1 Kor.10:4), Die Opstanding en die lewe (Joh.11:25), Redder (Matt.1:21), Weg, Waarheid en die Lewe (Joh.14:6), Ware Wynstok (Joh.15:1).

Dit is in die Naam van hierdie Jesus Christus en ook in die outoriteit van hierdie Christus wat ons gaan! Elke plek waar ons ons voete neersit, is in Sy Naam. Elke gebed wat ons bid is in Sy Naam.

Niks is in ons krag of in ons naam nie, alles is in Sy Naam! As gevolg van hierdie Naam van Christus word gewone mense meer as oorwinnaars!

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Romeine 8:37 [AOV]

Gebed: *Vader, baie dankie dat daar KRAG en OUTORITEIT is in die Naam van Jesus Christus. Dankie dat U reeds oorwin het sodat ek meer as 'n oorwinnaar kan wees vandag!*

Dag 5: Wat is jou verskoning?

Toe antwoord Moses en sê: 'Maar as hulle my nie glo en na my stem nie luister nie, maar sê: Die HERE het nie aan jou verskyn nie?'

*Daarop vra die HERE vir hom: 'Wat is daar in jou hand?' En hy antwoord: "n Staf.'
Exodus 4:1, 2 [AOV]*

Vandag se gedeelte is waar God vir Moses roep om die Israeliete uit Egipte te lei, maar Moses is vol verskonings. Net soos ons ook vandag vol verskonings is om nie deur God gebruik te word nie. God antwoord vir Moses baie eenvoudig, Hy vra vir hom: *Wat is daar in jou hand?*

Moses het sy staf in sy hand vasgehou. Moses was 'n herder wat op daardie stadium sy skoonpa se skape opgepas het. Sy staf het verteenwoordig wie hy was, alles wat hy besit het.

Wat het jy vandag in jou hand? Wat besit jy, wat kan jy doen?

Moses was 'n nederige skaapwagter wat nie veel besit het nie, maar die oomblik toe hy homself oorgee in God se hand, gebruik God hom om 'n volk te verlos! Moses se staf word toe '*die staf van God*' Exodus 4:20.

Skielik doen God groot wonders met hierdie staf in Moses se hand: Moses slaan op die water en dit verander in bloed (Ex.7:17); hy strek dit oor die waters van Egipte en paddas verskyn oral (Ex.8:5); hy strek dit oor die stof van die aarde en muskiete verskyn (Ex.8:16); hy steek die staf na die hemel en hael en vuur val uit die hemel (Ex.9:23); hy steek die staf uit na die hemel en sprinkane verskyn (Ex.10:13); met die staf kloof God die Rooi See oop (Ex.14:16); hy slaan 'n rots en water vloei (Ex.17:6).

Wat besit jy? Wat kan jy doen? Miskien is jy 'n ambagsman, dokter, sekretaresse, onderwyser? As jy jouself oorgee in God se hand, sal jy verstom staan oor al die groot dinge wat God deur jou kan doen!

Gebed: *Vader, ek gee vandag myself met alles wat ek het en alles wat ek kan doen in U hand. Maak met my net soos U wil!*

DVD Bespreking

Week 6: Hy stuur jou.

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde. Handeling 1:8 [AOV]

A. _____

*julle sal **krag** ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom,
Handeling 1:8 [AOV]*

Die Griekse woord vir hierdie krag is _____ – dit beteken:

Waar woon die Heilige Gees?

Die Heilige Gees woon _____.

*Of weet julle nie dat julle liggaam 'n _____ is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie?
1 Korintiërs 6:19 [AOV]*

*... dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlijkheid om met **krag** (**dunamis**) versterk te word deur sy Gees in die _____ mens,
Efesiërs 3:16 [AOV]*

*En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die **krag(dunamis)** wat in ons werk. Efesiërs 3:20 [AOV]*

Jesus het bedien in dieselfde krag

*Met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met **krag (dunamis)**. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.
Handeling 10:38 [AOV]*

B. _____

...en julle sal my getuies wees... Handeling 1:8 [OAV]

Definisie van die woord “getuie” :

“To give or to be evidence: one who furnishes evidence, proof; one who demonstrates, substantiates or verifies his testimony with an exhibition of evidence.”

Waar moet ons getuies wees?

...in Jerusalem, sowel as die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde. Handeling 1:8 [AOV]

Besprekingsvrae:

1. Praat ‘n bietjie oor oomblikke waar jy die krag van die Heilige Gees beleef het.
2. Bespreek wat dit behels om ‘n ‘getuie’ te wees. Sommige maatskappye verbied jou om van enige geloof te praat. Hoe kan jy nogsteeds ‘n getuie wees?
3. Gee ‘n paar mense die geleentheid om te praat oor hoe hulle tot bekering gekom het.

